LAERSKOOL MIKRO

… waar kind nog kind kan wees …

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

LAERSKOOL MIKRO NASORG – 2023

Ons is bly dat u besluit het om u kind aan ons sorg toe te vertrou.
Ons kan u verseker dat ons daarna streef om die nasorg 'n tweede tuiste vir ons leerders te maak.
Hulle veiligheid en geluk is ons prioriteit.

1. BETAALWYSES & FOOIE

Die volgende inligting is baie belangrik. Lees dit asseblief deur en **VOLTOOI ALLE VORMS VOLLEDIG EN KORREK.**

Die nasorgfooie is as volg: **R1300 per kind per maand – streng vooruitbetaalbaar.**
R72.50 per kind per dag – dagtarief – ook streng vooruitbetaalbaar.
Boete : R72.50 per kind per dag indien kinders na 18:00 gehaal word
Vakansienasorg (uitgesluit Desembervakansie):
R50/dag per kind + maandelikse fooi (ingeskrewe nasorgleerders)
R100/dag per kind (leerders wat nie by die nasorg ingeskryf is nie)

a. Ouers het 'n keuse hoe om die nasorgfooie te betaal:

- **Debietorder** R1,300 per maand vir 12 maande (1 Januarie tot 1 Desember)
- **Kontant** (By ontvangs - N-FAMILIEKODE, voornaam & van van leerder moet as verwysing gebruik word);
- **Elektronies** (Stuur asseblief die bewys van die suksesvolle transaksie aan die skool per hand / e-pos adebeer@laerskoolmikro.co.za). N-FAMILIEKODE, leerder se voornaam en van word as verwysing gebruik.
- **Kredietkaart** (kaartfasiliteit beskikbaar by die finanskantoor)
- **Nasorgfooie gedurende skoolvakansies** (hierdie fooie kan slegs kontant/ per EFT/per kredietkaart betaal word en is ook streng vooruitbetaalbaar)
- **Kennisperiode** (1 kalendermaand skriftelike kennis)

BANKBESONDERHEDE VIR ELEKTRONIESE BETALINGS

REKENINGHOUER	Laerskool Mikro	**BANK**	ABSA, Kuilsrivier
TJEKREKENINGNOMMER	1006 242 380	**TAKKODE**	632005
VERWYSING	**N-FAMILIEKODE** + Leerder se Naam + Van		

b. **Indien u nasorgfooie, volgens u aanvanklike bindende keuse, nie voor/op die 3de van elke maand vereffen is nie, sal die leerder met onmiddellike effek nie verder die Nasorgfasiliteit mag bywoon nie. Geen reëlings ten opsigte van laat- of afbetalings kan getref word nie.**

c. State word **maandeliks** per e-pos uitgestuur, óf per hand indien ouers nie 'n e-pos adres het nie.
Dit is die ouer/s se plig om dit noukeuring na te gaan en seker te maak dat alle persoonlike besonderhede korrek is, bv. adres, telefoonnommers, e-pos adresse, ens. Indien u nie 'n staat ontvang nie, is dit u plig om steeds die nasorgfooie te betaal en navraag te doen oor die rekening.
Die nie-ontvangs van 'n staat kan nie as verskoning gebruik word om nie die nasorgfooie te betaal nie. Dit is u, as ouer, se verantwoordelikheid om maandeliks op datum te bly met die betaling van die nasorgfooie.

d. Debietorders

- U moet asseblief elke jaar 'n nuwe debietordervorm invul (sien aangeheg).
- Debietorders kan slegs op die **eerste** van die maand van u bankrekening verhaal word.
- Debietorders word vanaf 1 Januarie tot 1 Desember verhaal.
- Die koste vir die bedryf van die stelsel is by die begroting ingesluit dus hou dit geen verdere kostes vir u in nie.

2. ALGEMENE INLIGTING

- Die inskrywingsvorm moet volledig voltooi en onderteken word deur beide ouers.
- Dit is die ouer se verantwoordelikheid om die nasorghoof, Christel Whitebooi, te verwittig van enige veranderinge ten opsigte van die inligting verskaf op die inskrywingsvorm bv. kontaknommers, ens.
- Laerskool Mikro Nasorg behou die reg voor om 'n leerder toegang te weier indien hy/sy nie die nasorgreëls onderhou nie.

3. INTEKEN EN UITTEKEN VAN LEERDERS

Alle leerders MOET aan die einde van die skooldag op die volgende tye by die nasorg aanmeld:

Graad R	:	13:00
Graad 1 en 2	:	13:00
Graad 3 kortdae	:	13:00
Graad 3 langdae	:	14:15
Graad 4 tot 7	:	14:15

Graad 1 tot 7 op 'n Dinsdag om 13:00

Die aanmeldingsplek is die Graad 1-afdak in die Grondslagfase-vierkant. Toesighouers sal hulle daar afhaal. Maak asseblief seker dat u kind die belangrikheid hiervan besef. Ons het geen kontrole oor u kind as hy/sy nie ingeteken het nie. As 'n leerder aan sport deelneem, moet hul eers aanmeld en dan sport toe gaan. Ons benodig 'n skriftelike program van u kind se aktiwiteite (veral vir die junior leerders) wat asb. aan die nasorghoof deurgegee moet word.

'n Nasorgleerder moet eers na afloop van sy/haar oefening by sy/haar nasorgtoesighouer aanmeld voordat hy/sy mag huis toe gaan – hy/sy mag nie van die sportveld af verdaag nie.

Leerders MOET elke dag deur 'n volwassene uitgeteken word wanneer hulle huis toe gaan. Geen leerder sal toegelaat word om die nasorg te verlaat vir 'n saamry-geleentheid, 'play date,' ens. nie, indien u nie die Nasorghoof daarvan verwittig het nie.

Afhaal van leerders: Ouers meld by die nasorghek op die skoolterrein (Spruitstraat) aan deur die videoklokkie te druk. Een van die nasorgpersoneel sal dit antwoord en die leerder roep. Die ouer/voog wag intussen by die nasorghek. Die leerder gaan uit by die nasorghek (draaihek is vir sekuriteitsdoeleindes gesluit). Geen ongemagtigde persone mag die leerders kom afhaal nie. Die personeel moet te alle tye bewus wees van wie die gemagtigde persone is.

4. HUISWERKKLAS:

Huiswerk word onder streng toesig en op 'n gestruktureerde manier gedoen**. Die nasorg neem egter geen verantwoordelikheid vir 'n leerder se akademiese prestasie nie. Die teken van die huiswerkboek bly dus steeds die ouer se verantwoordelikheid.**

Huiswerkklasse begin om

Graad 1 en 2	:	14:30 – 15:30
Graad 3	:	13:30 – 14:30 (kort dae) en om 14:45 – 15:45 (lang dae)
Graad 4 tot 7	:	14:45 – 15:45

'n Uur huiswerk per dag is verpligtend vir alle graad 3- tot 7-leerders. Alle graad 3- tot 7-leerders moet elke dag 'n leesboek in hulle tasse hê om hulself mee besig te hou, indien hul huiswerk vroeër afgehandel is. Ons maak voorsiening vir 'n laat huiswerkklas vir leerders wat aan sport en ander buitemuurse aktiwiteite deelneem.

Die laat huiswerkklas vind plaas vanaf 16:00 – 17:00 vir beide junior en senior leerders.

5. NOODHULP:

Die nodige noodhulp is vir al die toesighouers beskikbaar om gevalle te hanteer. In ernstige gevalle sal die ouer gekontak word om die leerder te kom haal.

6. BADKAMERS:

- Graad R- tot 2-leerders sal in die nasorgtyd die graad 1-badkamers in die graad 1-gang gebruik.
- Graad 3- en 4-leerders sal die graad 3 en 4-badkamers gebruik en
- Graad 5- tot 7-leerders sal die graad 5, 6 en 7-badkamers in die graad 3-gang gebruik.

7. MIDDAGETE:

'n Peuselhappie sal min of meer op die volgende tye uitgedeel word:

- Gr R - 2 : 13:10
- Gr 3 : 14:25 (13:10 op kort dae)
- Gr 4 - 7 : 14:25

Leerders wat direk na skool sport of buitemuurse aktiwiteite het, se peuselhappie, sal direk na afloop van hul aktiwiteit vir hulle beskikbaar wees.

SPYSKAART: PEUSELHAPPIES

Hier is voorbeelde van die peuselhapies wat u kind(ers) elke middag as middagete sal ontvang:

MAANDAG	1	Klein worsrolletjie	**DINSDAG**	2	Klein pizza (ham & kaas)
	1	Muffin		1	Cappy sappie 250ml
	1	Cappy sappie 250ml		1	Bruintjie
	1	JC ysie		1	JC ysie
WOENSDAG	1	Sny melktert	**DONDERDAG**	1	Klein hoender & mayo wrap
	1	Water		1	Joghurt 100g
	1	Klein worsrolletjie		1	Pakkie vars springmielies
VRYDAG	1	Klein ham & kaas pita			
	1	Klein Barone sjokolade			
	1	Fritos			
	1	JC ysie			
		OF			
	1	"Hot Dog"			
	1	Klein sjokolade			
	1	Fritos			
	1	JC Ysie			
		OF			
	1	"Chip Roll"			
	1	Niknaks / Flyers			
	1	JC Ysie			
	1	Smarties			

Hierdie sal elke Vrydag roteer word

******Onderhewig aan verandering*

8. BEGIN-EN SLUITINGSTYD:

Die nasorg maak elke middag om 13:00 oop. Graad R-nasorgleerders word eers in hul klasse onder toesig geakkommodeer tot om 13:00. Die Nasorg sluit stiptelik om 18:00. **Boetes sal gehef word indien 'n leerder herhaaldelik na 18:00 gehaal word.**

9. SKOOLVAKANSIES:

Mikro se Nasorg sal tydens die Maart/April-vakansie, Junie/Julie-vakansie en September/Oktobervakansie oop wees. Dit sal gesluit wees tydens openbare vakansiedae en tydens die Desember/Januarie-vakansie.

10. NASORGKOMMUNIKASIE:

TOELATING & KANSELLASIE

Alle kommunikasie rakende toelating tot die Nasorg en staking van die Nasorg word deur Liza Green hanteer. Haar kontakbesonderhede is as volg:

Telefoonnommer: 021-903 2126 E-pos: lgreen@laerskoolmikro.co.za

Alle kommunikasie rakende die dag-tot-dag aktiwiteite van die leerders, sal deur die nasorghoof, Christel Whitebooi, hanteer word. 'n Nasorg-WhatsApp-groep sal gestig word. Haar kontakbesonderhede is as volg:

Selnommer : 071 578 3010 E-pos: nasorghoof@laerskoolmikro.co.za

11. REËLS EN GEDRAG:

Leerders in die nasorg is onderhewig aan die skool se gedragskode. Dit beteken dat reëls wat in die skool toegepas word, ook by die nasorg toegepas word, insluitend die volgende:

- Leerders moet stiptelik inteken en betyds vir huiswerkklasse opdaag.
- Leerders mag slegs in die afgebakende areas onder toesig speel.
- Geen leerder mag die nasorgarea sonder toestemming verlaat nie.
- Geen boeke of ander toerusting mag uit die skoolklasse gehaal word nie.
- Leerders mag nie in die skoolgange speel nie.
- Geen hardebalspeletjies word by die nasorg toegelaat nie.
- Die ry van fietse en skaatsplanke is verbode.
- Leerders moet versigtig speel op die klimrame en ander leerders ook in ag neem.
- Nasorgpersoneel sal dienooreenkomstig straf uitdeel vir oortredings.
- Ouers sal ingeroep word indien daar 'n ernstige probleem is. Hierdie sluit onder andere die volgende in:
  - ✓ afknouery (fisies of emosioneel),
  - ✓ bakleiery of aggresiewe gedrag,
  - ✓ kru-taalgebruik,
  - ✓ diefstal,
  - ✓ beskadiging van eiendom,
  - ✓ speel met ontoelaatbare of gevaarlike items.
- Ernstige oortredings sal onder die skoolhoof se aandag gebring word en kan lei tot skorsing uit die Nasorg.

U kan my met vrymoedigheid kontak indien u enige navrae, kommentaar of klagtes het, want saam skep ons 'n positiewe omgewing vir u kind(ers).

Ons sien uit daarna om hierdie "nasorgpad" met u en u kind te stap.

U word vriendelik, dog dringend, versoek om binne twee dae na ontvangs van hierdie skrywe, dit te voltooi en aan die klasonderwyser terug te stuur. Op die Wyse van Betaling-vorm moet u asseblief aandui hoe u verkies om te betaal. Die Beheerliggaam maak daarop staat dat u streng volgens u keuse sal betaal.

_____

MNR L.C MOUTON **31 Oktober 2022**
SKOOLHOOF

==========

Ek, _____ (Naam van Ouer / Voog), verklaar hiermee dat die inligting wat op hierdie vorm ingevul is, waar en korrek is en dat ek, deur my handtekening hieronder, aan die Voorsitter van die Skoolbeheerraad of sy/haar verteenwoordiger toestemming verleen om hierdie inligting te bevestig of te kontroleer. Ek is bewus daarvan dat indien enige sodanige inligting nie waar en korrek is nie, ek wetlik aanspreeklik gehou kan word.

Ek onderneem om die nasorgfooi vooruit te betaal en om 1 kalendermaand kennis te gee voordat ek my kind uit die nasorg sal neem OF om 'n volle kwartaal se fooie te betaal.

Ek onderneem om stiptelik by die afhaaltye (soos hierbo aangedui) te hou.

Geteken te _____op_____dag van _____202____.

Handtekening Ouer / Wettige voog: _____ Naam: _____

Voltooi asseblief volledig - LEERDER SE INLIGTING:					
Leerder: Naam & Van					Graad:
Noemnaam			Begindatum:		
ID Nommer		Geboortedatum:			
Broer/s en/of Suster/s in Nasorg	Naam:				Graad:
	Naam:				Graad:
	Naam:				Graad:

OUERS SE INLIGTING:			
Ouer 1 Naam			
Ouer 1 Tel no		Ouer 1 e-pos adres	
Ouer 1 Huisadres			
Ouer 2 Naam			
Ouer 2 Tel no		Ouer 2 e-pos adres	
Ouer 2 Huisadres			

MEDIESE INLIGTING:	
Dokter: Naam & Tel no.	
Mediese fonds: Naam & no.	
Allergieë (kos/medisyne/ander:	
Enige mediese kondisie /medikasie waarvan die personeel bewus moet wees	

ALGEMENE INLIGTING T.O.V. BYWONING VAN NASORG:					
Voltyds [Maandag – Vrydag]					
Daagliks [meld dae]	Maandag	Dinsdag	Woensdag	Donderdag	Vrydag
Afhaaltye					

Besonderhede van ten minste 2 ander persone wat die leerder mag afhaal	Naam	Tel no:	Verwantskap

Gaan die leerder gedurende skoolvakansies die nasorg bywoon	JA	NEE
Gaan die leerder van die skool se busvervoer gebruik maak	JA	NEE

Hiermee gee ek, as ouer van bogenoemde leerder/s: (Merk asb een opsie)

	Toestemming dat die skool sy/haar fotos slegs op die nasorg se WhatsApp groep mag plaas.
	Toestemming dat die skool sy/haar fotos mag plaas op die nasorg se sosiale media platforms mag plaas.
	Nie toestemming dat die skool sy/haar fotos of enige sosiale/ander media mag plaas nie.

BUITEMUURSE AKTIWITEIT	DAG	TYD

LAERSKOOL MIKRO

… waar kind nog kind kan wees …

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

NASORGFOOIE : WYSE VAN BETALING 2023

NB! **Die vorm moet deur die ouer/s voltooi word. Indien u nasorgfooie, volgens u aanvanklike bindende keuse, nie voor/op die 3de van elke maand in die skool se bankrekening reflekteer nie, sal die leerder met onmiddellike effek nie verder die Nasorgfasiliteit mag bywoon nie. Geen reëlings ten opsigte van laat- of afbetalings kan getref word nie.**
Hiermee stem die ouer/ouers toe dat die state en enige inligting rakende nasorgfooie, per e-pos of per hand gestuur mag word.

OUER/WETTIGE VOOG: _____

POSADRES: _____

_____

WERKADRES:_____

_____

TEL. (WERK): _____ (HUIS):_____ (SEL):_____

E-POS ADRES: _____

Besonderhede van kinders in Laerskool Mikro Nasorg in 2023	
Naam en Van	**Graad 2023**
1.	
2.	
3.	
4.	

MAAK 'N KRUISIE IN DIE TOEPASLIKE BLOKKIE:

1. Betaling sal geskied per aangehegte debietorder wat van krag sal wees vir 12 maande, vanaf 1 Januarie tot 1 Desember 2023. ☐

2. Betaling sal maandeliks as kontant//internet/kredietkaart/direkte bankbetaling geskied. Eerste betaling moet voor/op 1 Januarie 2023, daarna voor die 1ste van elke maand geskied en laaste betaling voor/op 1 Desember 2023. ☐

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____

LAERSKOOL MIKRO

… waar kind nog kind kan wees …

Telefoon: 021 –903 2126
E-pos: info@laerskoolmikro.co.za
Webwerf: www.laerskoolmikro.co.za

Spruitstraat
Kuilsrivier
7580

Posbus 53
Kuilsrivier
7579

NASORGFOOIE - DEBIETORDER 2023

Ek, die ondergetekende, magtig die Laerskool Mikro om met my bank/bouvereniging reëlings te tref om die bedrag, soos aangedui, uit my rekening te onttrek. Die reëlings bly van krag vanaf 1 Januarie 2023 tot 1 Desember 2023 waarna Laerskool Mikro dit sal kanselleer. **NB.** INDIEN U GEDURENDE DIE JAAR U DEBIETORDER-BETALING WIL STAAK, MOET U ASB. LAERSKOOL MIKRO **SKRIFTELIK** IN KENNIS STEL, SODAT ONS DIT KAN KANSELLEER EN SODOENDE KENNIS DRA VAN GEWYSIGDE BETAALWYSE. Indien die debietordermagtiging **NA** die 20ste van die maand ingedien word, sal dit te laat wees vir daardie betrokke maand en moet die nasorgfooie vir daardie maand kontant/per eft betaal word.

1. **REKENINGHOUER** - VAN: _____

2. EERSTE VOORNAAM EN VOORLETTERS: _____

3. ADRES: _____

   TEL. (H) _____ (W) _____ (SEL) _____

4. BEDRAG VAN DEBIETORDER: _____ p.m. (R1,300 – 1 kind; R2,600 – 2 kinders; R3,900 – 3 kinders)

5. DATUM VAN EERSTE BETALING: 1 Januarie 2023

6. DEBITEER ASSEBLIEF MY:
   - TJEKREKENING ☐
   - TRANSMISSIEREKENING ☐
   - SPAARREKENING ☐

7. NAAM VAN BANK OF BOUVERENIGING: _____

8. TAK: _____ TAKKODE:_____

9. REKENINGNOMMER: _____

Naam en Van van kinders in Laerskool Mikro Nasorg	**Graad 2023**
1.	
2.	
3.	
4.	

Ek/Ons erken dat die party wat hiermee gemagtig is om die trekking(s) teenoor my/ons rekening te behartig, geen van sy/hulle regte aan ‘n derde party mag afstaan of sedeer sonder ons skriftelike toestemming wat vooraf verkry is nie, en dat ek/ons geen van my/ons verpligtinge ingevolge hierdie kontrak/magtiging aan ‘n derde party mag delegeer sonder die skriftelike toestemming wat vooraf van die gemagtigde party verkry is nie.

HANDTEKENING: _____ DATUM: _____